27 Oktober: Jesus is Koning. – Jan van der Watt

Hebreërs 1:1-14 (fokus 1:5-14)

Wat maak die Christendom anders as enige ander godsdiens? Net Jesus. Ander godsdienste het ook liefde, tree ook goed op, is ook toegewyd aan hulle gode, probeer ook hulle bes, maar hulle het nie vir Jesus nie. En dit maak al die verskil. Juis daarom is dit te wagte dat daar by die vroeë Christene geen twyfel was oor wie Jesus is nie. Hulle moes dit buitendien vir ander kon verduidelik, want hoe anders sou hulle ander kon oorhaal om Christene te word?

Heb 1 is so hoofstuk waarin daar verduidelik word wie Jesus is. Hy is die Seun van God, nee, eintlik God self (1:5,8). Maar Hy is ook Koning. Dit word verduidelik in die vorm van 'n antieke troonsbestyging. Kom ons kyk:

- Die *aankondiging*: Jesus word aangekondig as die Seun van God, die Vader (1:5).
- Opdragte aan die *onderdane*: Almal moet die Seun getrou dien (6-7).
- Die *taak en opdrag van die Koning:* Hy moet vir altyd en ewig heers en sorg dat dit wat reg is in die koninkryk gebeur (8-9).
- Die *lofsang oor die goeie kwaliteite van die Koning:* God self besing nou die lof van Jesus. Hy is die Skepper, sal vir altyd daar wees, is beter as almal… (10-12).
- Die *troonsbestyging self:* God gee vir Jesus spesiale plek aan sy regterhand, daar waar die verslane vyande magteloos gaan lê (13).

Jesus is Koning, my Koning, jou Koning. En as die Koning vir jou is, wie kan teen jou wees?